# SONDAGSKOOL LES - Die Sleutel na die Hemel

**Doel van les:**

- 'n Sleutel is 'n universele simbool regoor die hemel. Sleutels belowe toegang, vryheid, vervoer, beskerming en veiligheid. 'n Sleutel word gebruik as verteenwoordiger om iets waardevol te verkry net soos 'n sleutel fisies 'n deur kan oopsluit of iets wat voorheen onbekombaar was. Die sleutel word ook in die Bybel gebruik, beide as simbool en letterlik. Vandag praat ons van die Sleutel wat die weg vir ons hemel toe oopsluit.

**Ysbreker:**

- **Sleutel gooi:** Laat die kinders in 'n ry staan in klasgroepe. Plaas 'n hoola hoop 'n vasgestelde ent van die groep af. Gee vir elkeen 'n sleutel. Hulle moet kyk wie kan hulle sleutel die naaste aan die middel van die hoepel kan gooi.
- **Sleutel kap**: Deel die grootgroep in twee. Laat die twee groepe elkeen by 'n tafel sit. Elkeen kry 'n sleutel. Die reëls is eenvoudig. Een kap van die sleutel op die tafel laat die speletjie beweeg na die persoon aan die regterkant. Twee kappe van die sleutel beweeg die speletjie na die persoon aan die linkerkant. Kies iemand om te begin. Die eerste persoon kap die sleutel een maal of twee maal. As dit een maal gekap word, is dit die persoon aan die regterkant se beurt. As dit twee maal gekap word, is dit die persoon aan die linkerkant se beurt. Kyk hoe vinnig die speletjie gespeel kan word. Iemand wat uit hulle beurt kap, is uit.

**Die groepleier**

Vra vir die kinders om enige sleutels wat hulle het by hulle uit te haal.

- Kyk wie het die meeste sleutels by hulle.

**Vrae in die groep:**

1. Hoe oud was jy toe jy jou eerste sleutel ontvang het?
2. Hoe het dit jou laat voel?
3. Wat is die doel van 'n sleutel?
4. Watter sleutels is baie belangrik?
5. Hoe voel dit om 'n sleutel te verloor?
6. Wat sê jou sleutels oor jou?

**Die groepleier**

**Sleutels is uniek. Daar is hout sleutels, metaal sleutels, groot sleutels en klein sleutels. Elkeen het 'n doel. Sonder die regte sleutel vir die regte slot, is ons uitgesluit. Ons kan nie binne gaan nie. Ons het nie toegang tot wat agter die slot is nie. Ons het huis sleutels,**

**kar sleutels, sleutels wat 'n dagboek sluit, 'n lessenaar se laai ens. Daar is sleutels wat vir ons gegee word, wat ons gevind het, sleutels wat ons nie meer nodig het nie of dalk sleutels wat vir ons gegee is deur familie. Dalk kan ons sleutels wonderlike stories vertel. Daar is sleutels wat hulle doel verloor het. Sleutels na plekke wat nie meer bestaan nie. Sleutels na die verlede. Sleutels wat amazing plekke oopsluit. Sleutels wat skatte oopsluit. Baie mense evalueer hulle lewens aan die sleutels wat hulle besit. Sleutels na 'n mooi huis of spoggerige kar. Ons gebruik dieselfde woord wanneer ons praat van die sleutel vir sukses of die sleutel na geluk. Sleutels mag klein wees, maar dit sluit dalk groot dinge oop. Die Bybel praat ook van sleutels.**

**Gesels in groepe – Maak dit geestelik:**

1. Wat sê die volgende teksverse oor sleutels?

- Openbaring 3:7-10
- Mattheus 16:18-19
- Johannes 14:5-6

**Maak dit prakties**

1. Hoe kry 'n mens toegang tot God?
2. Hoe kry ons toegang tot God se seëninge?
3. Watter voordele is daar wanneer ons toegang tot God het?

Kry terugvoer.

**Maak dit persoonlik**

1. Sukkel jy met die sleutel tot die ewige lewe?
2. Voel jy uitgesluit en alleen?
3. Voel jy afgesluit van God en Sy seëninge?

Dis glad nie 'n lekker gevoel nie. Laat Jesus jou ontmoet by die deur van jou hart. Laat Christus inkom, want Hy is die Sleutel tot die lewe. Hy is die Sleutel na die hemel en maak die weg vir jou oop na God en als wat God belowe. Hy is die waarheid en bevry jou van die kettings van sonde. Maak vandag jou hart vir Hom oop. Die ewigheid is 'n lang tyd om uitgesluit te word.

Sluit af in groepe met gebed.